# Hoofstuk van die dag: Spreuke 11

> *Die Here het ’n afsku van ’n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg. (vers 1)*

My liewe koningin Jemen
Ek verstaan julle dilemma. Maar ek stem glad nie saam met

julle oplossing nie. Op geen manier mag julle uit julle geldelike verknorsing probeer kom deur slenters en agteraf-konkelry nie. Julle goeie naam is baie kosbaarder as die goud wat julle uit die saak kan maak. En dan praat ek nie eers van julle lewe voor die lewende God nie!
Ek gee toe; vir iemand soos ek is dit maklik om vreeslik vroom te wees as dit by hierdie sake kom, maar op die ou end gaan dit nie om die vraag of ek ryk of arm is nie. Dit gaan om wat reg is en wat verkeerd is; wat wys is en wat nie. En dis tog waarom jy vir my geskryf het, of hoe?
Ek wil graag ’n vers aanhaal uit ’n lied wat my pa geskryf het:

> *Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is,*
> *en Hy ondersteun hom.*
> *As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.*
> *Ek was jonk en ek het oud geword,*
> *maar nooit het ek ‘n regverdige verlate gesien*
> *of dat sy nageslag brood soek nie.*
> *Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente:*
> *met sy nageslag sal dit goed gaan.*

Die vraag is natuurlik of jy en Abimeleg dit glo.
Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026